## PANDEMIES

As deel van die groep se bewustheid van gemeenskapsrisiko word pandemiese risiko's gemonitor en sal toepaslike stappe geneem word waar nodig.

## DIENSBILLIKHEID

Remgro streef daarna om, in ooreenstemming met die Wet op Gelyke Indiensneming, aan alle werknemers die geleentheid te bied om hulle volle potensiaal te verwesenlik.

Remgro se bestuur en personeel is deurlopend betrokke by die bepaling van opleidings- en ontwikkelingsbehoeftes, asook by die implementering en monitering van 'n arbeidsplan. Aandag word veral gegee aan dié groepe wat om historiese redes 'n agterstand mag hê.

In ooreenstemming met die vereistes van die Wet op Gelyke Indiensneming dien M&I, namens Remgro, jaarliks 'n arbeidsplan by die Departement van Arbeid in.

Vanweë die gespesialiseerde aard van sy werksaamhede, word Remgro se arbeidsmag deur die volgende gekenmerk:

- 'n Hoë vlak van kundigheid in die topstruktuur van die organisasie en in die onderskeie gespesialiseerde afdelings
- 'n Jongwerknemersprofiel, veral wat bestuur betref
- 'n Lae arbeidsomset wat beperkte geleenthede vir nuwe aanstellings meebring

Remgro glo dat die gehalte van sy personeel 'n belangrike, volhoubare, mededingende voordeel is. Daarom glo hy dat sy sukses nie in die eenvormigheid van sy personeel lê nie, maar in die verskeidenheid en die ontwikkeling van hul kollektiewe vaardighede. Daarvoor sal altyd ruimte en geleenthede geskep word.

Menslike hulpbronne-beleid en -prosedures spreek ook die aangeleenthede van nie-diskriminasie, kinderarbeid, dissiplinêre praktyke, menseregte, ens. aan.

## BBSEB – BREË-BASIS SWART EKONOMIESE BEMAGTIGING

Die direksie glo dat BBSEB 'n sosiale, politieke en ekonomiese noodsaaklikheid is en die maatskappy se filiale en geassosieerde maatskappye se inisiatiewe in hierdie verband word ondersteun en aangemoedig. In die mate wat Remgro se filiale en geassosieerde maatskappye BBSEB implementeer, neem Remgro se aandeelhouers ook effektiewelik deel aan BBSEB en die uitwerking en sukses daarvan. Hoewel die ideaal is om alle persone te ondersteun om hul volle potensiaal te verwesenlik, is besondere fokus nodig op diegene wat weens historiese redes agterstande het. Die doel is om hulle toe te rus om op meriete in die mark te kan meeding. Ons sien uit na die dag wanneer alle Suid-Afrikaners, veral al ons kinders, op 'n nie-rassige en gelyke grondslag ten volle aan ons ekonomie kan deelneem.